Uit die hoof se kantoor

Welkom terug by die skool, en al die bedrywighede waarin u ook die kwartaal deel.

Baie dankie aan almal wat gereeld ons verskillende aktiwiteite ondersteun. Almal van ons waardeer dit - u kind die meeste van almal.

Baie dankie aan al die kundiges, en ons terreinkomitee wat in die vakansie baie hard gewerk het aan die opgradering en instandhouding van ons fasiliteite by die skool.

Natuurlik 'n groot dankie aan al ons borge wat 'n groot verskil by ons skool maak.

Baie welkom ook aan al die nuwe ouers in ons skoolgemeenskap. Ons vertrou dat u kind gou sy of haar voete sal vind, en ook baie gelukkig by ons sal wees.

Personeelsake

Juffrou Elmi Fouche, ons geliefde graad 1-onderwyseres, is onlangs gediagnoseer met Leukemia en is besig om behandeling te ontvang en by die huis aan te sterk. Ons vertrou op God en dra haar in ons gebede op in die moeilike tyd wat voorlê.

Jes. 41:10 – Moenie bang wees nie. Ek is by jou. Moenie bekommerd wees nie. Ek is jou God. Ek versterk jou. Ek help jou. Ek hou jou vas, met My eie hand red Ek jou.

Ons verwelkom vir me. Marthie Mitchell wat in die tydperk by die skool gaan aflos.

Vakansiedae in kwartaal 3

Die skool sal gesluit wees op 9 Augustus – Nasionale Vrouedag

Die skool sal op 8 Augustus vir gr. RRR tot gr. 1 om 11:45 uitkom en vir gr. 2-7 om 12:00 vir die langnaweek.

AANSOEKE VIR TOELATING 2025

Ons 2025 aansoek vir toelating is oop vir nuwe inskrywings. Indien u kind nog nie in Laerskool Secunda/Secoerie kleuterskoool is nie en graag by ons wenskool wil aansluit, is dit nou u kans!

https://secundalaerskool.co.za/toelaatings/

HERREGISTRASIE VAN HUIDIGE GR. RRR- GR. 6 LEERDERS (2025)

Na afloop van ons begrotingsvergadering, later in die jaar ontvang alle huidige ouers 'n herregistrasievorm om u kind, wat tans in Laerskool Secunda/Secoerie kleuterskool is, se plek vir 2025 te verseker.

Musiekwaardering & stimulasie sessies

Dit is met groot opgewondenheid wat ons vir René Schmidt verwelkom die kwartaal by Laerskool Secunda. René gaan vir ons gr. 1- en LSEN-leerders musiekwaardering en stimulasie sessies aanbied.

Die oogmerk van die sessie is om die leerders blootstelling te gee aan die legio voordele van musiekstimulasie vir jong kinders op: emosionele, sosiale, fisiologiese, neurologiese en kognitiewe vlak. Die fokus is op elke kind as 'n unieke individu en musikale wese, en daarom volg ons 'n holistiese benadering tydens die sessie.

Die sessie gaan onder andere bestaan uit:

- *Boomwhacker* ensembles
- Groep dromspel (djembes)
- *Bucket* dumming
- *Hand perkussie ensembles*
- *Liggaamsperkussie*
- *Marimba/Orff ensembles*
- *Ukulele spel*
- *Musiek beluistering*

Navorsing wys dat deelname aan musiek 'n belangrike bydrae kan maak tot leerders se psigosiosiale welstand (Crooke et al. 2016). Dit kan jong kinders se selfbeeld versterk, help met selfregulering,'n emosionele uitlaatklep/ontlading wees, uithouvermoë, waagmoed, dissipline versterk en leerders se vermoë om te reflekteer, bevorder (Seattle Arts Consortium, 2007). Musiekstimulasie ontwikkel denke, stimuleer kinders se verbeelding en ontwikkel lees- en syfervaardighede (Catterall et al, 1999, Babo, 2004).

Ons streef daarna om die volgende boodskap by elke kinderhartjie agter te laat."

"Music tells us the one thing we really want te hear. We are not alone." (Bryan Appleyard)

Klerewinkel rooster kwartaal 3

Klerewinkel vir kwartaal 3 open op Dinsdag, 16 Julie 2024.

Damesoggend

Laerskool Secunda se Damesoggend is elke jaar 'n hoogtepunt, moet dit nie misloop nie. Indien u belangstel om 'n gasvrou te wees kontak gerus vir Minnelize by 079 588 4286 of skakel@secundalaer.co.za.

Kwartaal 3 – week 1 aktiwiteite

Maandag 8 Julie	Dansoefening
Dinsdag 9 Julie	Skool heropen
Woensdag 10 Julie	Con Spirito (tuis) Skaak begin Kooroefening
Donderdag 11 Julie	Con Spirito (tuis) Krieket begin Hokkie begin Mini-hokkie begin Fietsry begin
Vrydag 12 Julie	Con Spirito (tuis)
Saterdag 13 Julie	Con Spirito (tuis) Mpumalanga skole fietsry (H/S Lydenburg) Gert Sibande klublandloop

Terugvoer kriekettoer te Camp Discovery – 10 tot 13 Junie

Ons is bly om die suksesvolle voltooiing van ons onlangse kriekettoer vir laerskoolkinders aan te kondig. Hierdie verslag bied 'n oorsig van die toer, insluitend die aktiwiteite, wedstryde, en leerervarings wat die kinders gehad het.

Toer Doelwitte: Die hoofdoelwitte van die toer was om kinders se krieketvaardighede te verbeter, spanbou te bevorder, en kulturele uitruiling te fasiliteer. Ons is verheug om te rapporteer dat al hierdie doelwitte bereik is.

Resultate en Hoogtepunte:

- **Wedstryde: 1ste span wen 2 uit die 4 wedstryde.**

  0/11 A wen 3 uit die 4 wedstryde.

- **Oefensessies:** Die kinders het baie geleer tydens die intensiewe oefensessies wat deur ervare afrigters aangebied is.
- **Spanbou:** Aktiwiteite soos spanbou-oefeninge en gesamentlike etes het die span nader aan mekaar gebring en die kameraadskap versterk.
- **Spesiale prestasies:** Braam koekemoer slaan 107* en 59*.

  Lesego Hlatshwayo slaan 58*.

  Aldrich Fourie slaan 51.

Terugvoer kriekettoer te Camp Discovery – 10 tot 13 Junie

Terugvoer en Evaluering: Ons het terugvoer van die kinders, ouers en afrigters versamel, wat baie positief was. Hier is 'n paar hoogtepunte uit die terugvoer:

- **Kinders:** Hulle het die wedstryde en oefensessies geniet en voel dat hul vaardighede aansienlik verbeter het.
- **Ouers:** Hulle het waardering uitgespreek vir die goeie organisasie en kommunikasie gedurende die toer.
- **Afrigters:** Hulle het opgemerk dat die kinders goed gevaar het en dat die toer 'n waardevolle leerervaring was.

Gevolgtrekking: Die kriekettoer was 'n groot sukses en het sy doelwitte oortref. Ons is trots op die kinders se prestasies en sien uit na toekomstige toere wat verdere geleenthede sal bied vir groei en ontwikkeling.

Dankie aan almal wat bygedra het tot die sukses van hierdie toer.

Terugvoer hokkietoer te Camp Discovery

Ons het onlangs ‘n opwindende en uitdagende hokkietoer bygewoon, wat ons spanne met waardevolle ervaring en selfvertrou gevul het. Ons wil graag ons opregte dank uitspreek aan al die ondersteuners en borge. Julle onwrikbare steun en ruimhartige bydraes het ‘n enorme verskil gemaak en ons in staat gestel om hierdie avontuur te beleef.

Elke aanmoeding, bydrae en bemoedigende woord het ons gemotiveer en gehelp om ons beste te gee. Ons het nou die geleentheid gehad om ons vaardighede te slyp en nuwe strategiese insigte te verkry. Ons spanne is nou ten volle gereed en gretig vir die seisoen wat voorlê.

Dankie dat julle ons bygestaan het. Ons is vol vertroue dat ons hierdie seisoen ons ondersteuners en borge sal trots maak met ons toewyding en prestasies op die veld.

Terugvoer fietsrykamp

FietsryKamp

Die Fietsrykamp was 'n onvergeetlike ervaring vir almal wat deelgeneem het. Dit het plaasgevind vanaf 5 tot 7 Julie 2024 by die pragtige Tranqulitas naby Watervalboven. Die kamp het 'n verskeidenheid aktiwiteite ingesluit wat ontwerp was om fiksheid en vaardigheid te bevorder. Ons het gesamentlik 'n uitdagende roete gery na die piek van die berge , wat ons 'n ongelooflike uitsig oor die omgewing gegee het. Die kamp was 'n sukses en 'n wonderlike geleentheid vir die kinders om buite hul gewone skoolomgewing te leer en te groei. Ons dank die personeel en vrywilligers wat dit moontlik gemaak het, en kyk uit na volgende jaar se kamp

TWK Reeks

Baie sterkte aan die leerders wat die naweek aan die eerste skolereeks wedren gaan deelneem in Lydenburg. As u wil deelraak van die fietsry kan u vir Juffrou Michelle kontak op 0828001248.

Eerste oefening vind Donderdag 16:00 tot 17:00 plaas op die rugbyveld.

Terugvoer landsdienskamp

Die afgelope vakansie het ons graad 6 en graad 7 landsdieners die Provinsiale kamp bygewoon te - *The Mighty Apies River Venue* vanaf 14 – 18 Junie.

Mpumalanga Landsdiens het weereens gesorg vir ‘n vol program met prettige aktiwiteite.

Op die kamp was daar 285 kinders van 24 skole uit Mpumalanga. Die jaar het hulle net 65 dogters en 45 seuns gekies vir die Nasionale kamp.

Ons kan opreg trots wees op elke leerder wat die kamp bygewoon het. Hulle het ons skool se naam hoog gehou.

Die volgende leerders is gekies om Mpumalanga Landsdiens te verteenwoordig tydens die Nasionalekamp:

Damon Ferreira	Wian Strauss	Louan Hattingh
Joshua Bach	Willem Steyn	Lente Haywood
Karlien van den Berg	Madison Wilsenach	Katryn Fourie
Miané Venter	Deané du Randt	Maché van Heerden
Anri Binneman	Andria MacDonald	

Reserwe: Carla Strauss

Die Nasionale kamp vind die jaar plaas by Emerald River Resort naby Vanderbiljpark vanaf 7 – 12 Desember.

Vriendelike groete

MNR. J. BOTHMA
HOOF

Herhalende aktiwiteite – kwartaal 3

MAANDAG

13:30 - 14:15	Trompoppies gr RRR-R
13:30 - 14:30	Skaak juniors
13:30 - 14:00	Trompoppies juniors & seniors
13:30 - 15:00	Hokkie 1ste en o/12 spanne
13:30 - 15:00	Krieket 0/9 & 0/11
13:30 - 14:30	Redenaars
13:30 - 16:00	Tennis ligawedstryde – 1ste span
13:45 - 14:30	Landloop
15:00 - 16:30	Krieket 1ste span
15:00 - 16:30	Hokkie 0/10 – 0/11
15:30 - 17:00	Dans vlak 1 – 5 slegs I.P.T's
17:00 - 18:00	Mini krieket 0/6 ; 0/7 ; 0/8

DINSDAG

12:00 – 12:45	Mini-hokkie vir 0/6
13:30 – 14:30	Mini-hokkie vir 0/7, 0/8
14:30 – 15:30	Mini-hokkie vir 0/9
13:30 - 14:30	Mini tennis Gr 1 en Gr 2
13:30 - 15:00	Hokkie 1ste en o/12 spanne
13:30 - 15:00	Krieket 0/9 & 0/11
13:45 – 14:30	Landloop
14:30 - 15:30	Tennis ontwikkelingspan
15:00 - 16:30	Krieket 1ste span
15:00 - 16:00	Hokkie 0/10 – 0/11
16:00 - 17:00	Fietsry

WOENSDAG

13:30 - 14:15	Mini landsdiens Gr RRR-R
13:30 - 14:15	Koor juniors
13:30 - 14:30	Skaak seniors
15:30 - 14:30	Redenaars
13:30 - 14:30	Tennis Skoolspan
13:30 - 14:30	Koor seniors
14:30 - 15:30	Landsdiens juniors & seniors
17:00 - 18:00	Mini krieket 0/6 ; 0/7 ; 0/8

DONDERDAG

12:00 – 12:45	Mini-hokkie vir 0/6
13:30 – 14:30	Mini-hokkie vir 0/7, 0/8
14:30 – 15:30	Mini-hokkie vir 0/9
13:30 – 14:30	Mini tennis Gr 1 en Gr 2
13:30 - 15:00	Hokkie 1ste en 0/12 spanne
13:30 - 15:00	Krieket 0/9 & 0/11
13:45 – 14:30	Landloop
14:30 - 15:30	Tennis ontwikkelingspan
15:00 - 16:30	Krieket 1ste span
15:00 - 16:00	Hokkie 0/10 – 0/11
16:00 - 17:00	Fietsry